

Die koningskap van koning Jesus

In hierdie hoofstuk beklemtoon die profeet die almagswerk van die troue Verbondsgod weer opnuut. Hy praat weer van versamel, bymekaarmaak waarin die gedagte van hulpeloosheid spreek omdat hulle self nie kan groepeer en kraal toe kom nie. 'n Almag van buite moet dit doen. Israel was eens die trotse nasie van goud en weelde, wat op ivoorbeddens gelê het, vet vleis uit hulle krale geëet het, wie se konings kon kus en keur uit hulle harems van byvroue. Nou is hulle selfversekerdheid gebreek.

Die Here bevestig weer sy belofte van versameling en bewaring met 'n nuwe gesigspunt, nl. dat Hy die koning sal wees op die berg Sion in Jerusalem tot in ewigheid (vers 7). Die profeet kyk verby die terugkeer van Israel met 'n Dawid van ouds na 'n Koningsgod. Daar is 'n dieper blik in die profeet se oë as hy Christus se figuur in die verte sien. Op Sion sien hy God se volk gebou op die rots Jesus, die Koning na Gods hart.

Jesus se geboorte is derhalwe meer as die idilliese krip. Ons moet die grote raaksien, die Koning van sy oorblyfsels, sy uitverkore volk wat Hy versamel. Met sy geboorte het die wenteling van die eeue gekom, die begin van die laaste dae - op weg na sy wederkoms.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)